

15 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:105-112
Fokusgedeelte: Psalm 119:105-112

Die Woord, 'n lig op my pad en 'n lamp vir my voet

Wat kan ek doen wanneer alles donker lyk? Die digter is terneergedruk (vs 107); sy lewe is in gevaar (vs 109); die goddelose beskou hom as prooi (vs 110). In die donker wat hy beleef, bid hy. In die donker is daar een ding wat ons kan doen: Bid!

U woord is die lamp vir my voet, die lig op my pad (vs 105, Multivertalingbybel), so begin die gebed. Wanneer ek in die donker op pad is, is ek nie uitgelewer aan slaggate en kapers nie. In die lig van wat die Here sê, kan ek die lewenspad met vaste treë loop.

Blaai ons na die Nuwe Testament, sien ons dat duisternis die sonde verbeeld (1 Joh. 1). Ons lees: *God is lig* en elders dat die Woord wat mens geword het, ook die lig is wat in die duisternis skyn. Die duisternis kon die lig nie uitwis nie (Joh. 1:1-5). Elke sondaar kan weet: Jesus Christus is die Lig wat die sondeduisternis verdryf. Ons kan ons volle vertroue op Hom vestig en ander sondaars daartoe oproep.

As alles vir ons donker lyk en ons wil bid, is die vraag: Waarvoor? Saam met die digter kan ons bid dat:

- die Here ons sal bewaar soos Hy beloof het (vs 107). Tog doen ons dit in ootmoed. Die Here verhoor ons gebede immers uit genade.
- die Heilige Gees ons die Woord van die Here sal leer (vs 108); ons sal lei om ons lewe nou en vir altyd daarvolgens in te rig (vs 109, 110).
- die Gees ons sal help om die bepalings van die Here met vreugde ons eie te maak (vs 111). Dit moet tog 'n vreugde wees om as verlostes volgens die Woord te leef!

Mag die Woord só 'n lig op ons lewenspad en 'n lamp vir ons voete wees.

Sing: Psalm 119:39 (1936) of Psalm 119:9 (2001)

Ds. JH Jordaan (Vereeniging '95)